


De Wetter '80

A large orange circle is positioned behind the text 'De Wetter '80', partially obscured by a horizontal white line.



Adriaan Snyman
(Redakteur)

Redaksie



Garnet Leonard


De Wetters

Hiermee net 'n kort woord namens die redaksie van die twaalfde DE WETTER. Ons wens is dat u dit sal geniet om deur die uitgawe van die DE WETTER te blaai. Sien in hierdie uitgawe die verskeidenheid en diversiteit van ons koshuis, maar weet ook dat dit alles saamgesnoer is in een HUIS CHRISTIAAN DE WET.

Ons opregte dank aan die drukkers, al die lede van die redaksie asook die lede van die huis wat hierdie DE WETTER help moontlik maak het.




Pieter Labuschagne




Dawie Mostert

Groetnis,
ADRIAAN J SNYMAN
(REDAKTEUR)

Johannes du Plessis



Jannie du Toit





PRIMARIUS

BOODSKAP VAN DAWIE SCHOLTZ AAN DIE DE WETTER

Soos die seisoene mekaar onversteurbaar opvolg, volg die fases in elke mens se lewe mekaar onversteurbaar op. Die mens is verplig om uit elke fase soveel as moontlik te haal. Ons is nou in die fase van jonk wees, studentwees en gelukkig wees. Maar doen ons altyd alles wat van ons verlang word? Is ons waarlik student?

Die jaar is besig om verby te snel, vir baie die laaste jaar van studentelewe. Daarom moet ons 'n bietjie stil word en terugkyk oor 'n tydperk van studentwees, of die tydperk nou een, twee, drie, vier of selfs vyf jaar was. En ons moet aan onself rekenskap gee of ons suksesvol was in die uitlewing van ons leuse: "Vervul jou roeping".


Wie van ons begryp die volle verantwoordelikheid van studentwees? Het almal van ons in hierdie afgelope jaar voluit gelewes en met elke talent wat Hy ons geskenk het, gewoeker? Die belangrikste is die akademiese gebied, maar ook op alle ander gebiede van die lewe moet ons onself ondersoek. Kon ons nie meer betrokke gewees het op die sportgebied, verenigingslewe, kultuurlewe en sosiale gebiede nie? Het ons werklik Sy Koninkryk hierdie jaar uitgebou? Het elkeen van ons onself na die beste van ons vermoë voorberei vir die lewe buite die universiteit? Of stel ons nog steeds die belangrikste dinge uit vir later? Klou ons nog steeds vas aan die niksdoenwêreld van die luiard?

Wanneer elkeen van ons 'n bietjie skuldig voel oor verlore kanse, moet ons ons Hemelse Vader dank dat daar nog tyd oor is. Dat ons nog kan regmaak. Al is daar nog net 'n eindeksamen oor. Of vir die meer gelukkige 'n jaar of meer.

Kom De Wetters, kom ons pak elke dag aan asof dit die laaste een is, of daar nie môre nog 'n geleentheid is om ons roeping te vervul nie. Kom ons raak betrokke, kom ons spring met entoesiasme in die maalstroom van die ware studentelewe, en kom ons haal die beste daaruit.

Dan kan ons aan die einde van hierdie fase in ons lewe met dankbaahheid terugkyk op 'n paar vrugbare jare. Dan kan ons as leiers ons plek volstaan in die lewe daar buite, en ons kan opreg dankbaar wees vir geleenthede in die lewe.



Laat ons boweal altyd as ware De Wetters geken word, en onwrikbaar glo: "In ons De Wet se gees, voorwaars Suid-Afrika!"



'80



Dawie Scholtz – Primarius
 Piet du Plessis – O/Primarius
 Jannie Meyer
 Anton Vorster
 Lukas Mienie
 Neil Crafford-Lazarus
 Pieter van der Spuy



BOODSKAP AAN ELKE DE WETTER

Soos die ou familie plaashuis gestaan het vir sekere waardes, aan die aan die eenkant, stewig gebou vir sekuriteit, ekonomiese geleenthede maar aan die ander kant ook vir buurmanskap, so weet jy is hierdie Rooi baksteengebou. Maar jy sou erken dat ons nie hierdie waardes oorboord kan gooi nie, dit maak immers ruggraat styf en kop orent, want jy is 'n waardige De Wetter.

Met dit as riglyn staan ons midde in 'n mooi tydperk in Huis Christiaan se bestaan waar elke inwoner die reg het op die geleentheid om sy selfrespek te bou en homself op die pad van selfonderhoud te plaas. Maar as ons mekaar nie dié geleentheid gun nie, sal ons sub-De Wetters wees en 'n sub-De Wetter is 'n las in hierdie Huis.

Mag hierdie "De Wetter" en al die moeite wat hierin lê ons almal inspireer sodat ons baie prominent kan antwoord "dat ons huis nie draaideure het waar dieselfde mense uitgaan as wat ingaan nie."

Vir al ons agterblyers en vir die wat vertrek net die volgende van Jan F.E. Cilliers:

Eén doel
 één daad,
 één pad –
 reguit net –
 CHRISTIAAN DE WET!
 Philip Coetzer





adv.

C.R. SWART

Boodskap aan Huis Christiaan De Wet UOVS

"Krisjan de Wet, die held kordaat vir hom was Kakie altyd laat".

So het ons jare gelede gesing oor ons groot Generaal en held van elke jong Afrikanerseun. Nou dra julle Koshuis sy naam wat julle gebonde is om in eer te hou. Een van Generaal De Wet se gesegdes, wat vir my deur my openbare lewe baie beteken het, was die volgende:

Hy verwys na die Voortrekkers in die Vrystaat wat probeer het om die mooi, vet Kwaggas te vang en hulle te leer om die waens te trek, maar hulle kon net nie mak gemaak word nie en het alles stukkend geskop.

"Moenie julle mak perde dood of flou ry om wilde Kwaggas te vang nie".

Daarmee het hy bedoel dat leiers groot foute begaan deur hul eie mense en getroue volgelinge verontagsaam om hulp en gunste van die vyand of teenstanders te verwerf wat altyd op mislukkings uitloop, soos in ons eie Geskiedenis gebeur het. ONTHOU DIT!


Mooiste wense aan julle

'80


lang huisvergadering.



Primarius: Philip Coetzer
O/Prim. Piet du Plessis
Lukas Mienie
Jannie Meyer
Jan du Toit
Phonnie Cilliers
Dawie Mostert



'80



REDENAARSKOMPETISIE


Op Vrydagaand 8 Augustus 1980 het De Wet se jaarlikse prestige-aand in die gesellie plaasgevind toe hierdie koshuis tradisioneel die Senior-Redenaarskompetisie van die U.O.V.S. aangebied het.

Verskeie hoogwaardigheidsbekleërs en hulle eggenotes het die belangrike geleentheid bygewoon, naamlik die Administrateur van die OVS, Dr. Nak van der Merwe, wat die geleentheid geopen het, Prof. W.L. Mouton (Rektor), Prof. W.J. Richards (Vise-Rektor), Prof. B. Kok (Kanselier) asook verskeie dekane, naamlik proff. Slabber, Border en Van Heerden. Ons geliefde toesighoudende dosent: Prof. Van Schoor en mevrou, was ook teenwoordig.

Inalie Botha van Huis Soetdoring het die Gerhard Beukes-trofee verower met haar toespraak rondom militêre betrokkenheid van S.A.-vroue. Heila Blignaut van Madelief het die Frans Wessels trofee verower, terwyl Piet du Plessis van Huis C R de Wet die Benedictus Kok-trofee vir die tweede jaar agtereenvolgens gewen het. Beide laasgenoemde sprekers het dit gestel dat beroepsvroue nie hulle vroulikheid verloor nie. Die toesprake was oor die algemeen van 'n baie hoë standaard. Die beoordelaars was Dr Naas Bredenkamp (Sosiologie), mnr. N. Luyt (Staatsleer) en mev. A. le Roux (Opvoedkunde).

Hierbenewens is musiekitems van hoë gehalte aangebied, deur onder ander twee musiekstudente aan die UOVS. Veral die klaviersolo "Balled for Adeline" het groot byval gevind. Riaan Stander het as voorsitter by die geleentheid opgetree. Piet Wessels was tydhouer terwyl Dawie Scholz (Primarius) die bedankings gedoen het. Mev. van der Merwe, die administrateursvrou, het die bekere oorhandig.

Die reëlingskomitee het bestaan uit: Piet du Plessis (Voorsitter), Gunther Paul, Phonnice Celliers en Johan Nel.



de HOED

27 Augustus 1980

My seuns,

As ek reg onthou, was dit ons Kanselier wat op 'n keer oor één of ander hoofbedekking van 'n student die raak opmerkings gemaak het: "Dit is 'n dekselse oulike deksel". Vir die vindingrykheid en oorspronklikheid van diegene wat vir Huis Christiaan de Wet 'n eie maar veral tradisionele deksel ontwerp en laat aankap het, wil ek ook maar net sê: "Deksels De Wetters, vir julle haal ek my deksel – die een wat julle my geskenk het – deksels hoog af."

Dit laat my sommer terugverlang na my eie studentejare, nou verleng in die samesyn met julle Huis, toe ons ganse studentekorps, ja, man, vrou en muis gereeld op Saterdagmiddae na Springbokpark opgeruk het om ons spanne met sang, sê-goed en strydkrete tot oorwinning aan te spoor. Dit was toe die gebruik dat as een van ons manne 'n stel- of strafskop na die pale waarneem, het dit orals luid weerklink: "Af met die dakke!" Alle deksels is onmiddellik van die hoof verwyder, en erg hardhandig ten opsigte van diegene wat die bevel nie gehoorsaam het nie. As die bal nie oor was nie, is diegene wat dalk nog met 'n dak op die kop gesit het, se dak letterlik op sy kop ingeslaan.

Hoe lyk dit De Wetters gaan ons nie op Pel-
liespark weer hierdie mooi tradisie laat herleef nie?


Maar van hoede gepraat. Daar is die pragtige verhaal van hom wie se naam ons Huis dra. Dit was by genl De Wet altoos die gebruik dat as hy by 'n kindjie verbystap om beleefd sy hoed te lig. Toe aan hom gevra is waarom so 'n kind die eer verdien, was sy antwoord: "Want daar loop die toekoms van my volk."

De Wetters, julle wat altyd die naam van hierdie Generaal waardig moet wees, julle in wie se gees leef, wil ons Universiteit en ek die hoed lig omdat ons in julle die toekoms van die Afrikaner sien.

Behoed, verhoed dat julle jul Boere-hoed en Huis ooit oneer aandoen.



Van jul trotse pa

Prof. Tienie




die

100




'80




Wie's daai oom?



Terwille van tradisie




Minder hare, meer brein's!



Meneer Afrika-skouers



*Jare de kuikens in - X@y*I?*




Kultuur-plesier!




Kyk net...Oee...eina...



Hierdie plek is beslis nie vir ons nie.



Uiteindelik – 'n 'man'?




My laaste groet



Sies, Maar die wag was tog die moeite werd.

'80

Retrospek Retrospek Retrospek Retrospek Retrospek '80 Retrospek



NOORD 1

Wat meer kan 'n mens sê — die naam spreek vir homself. Ons besef almal dat hierdie ou koshuis van ons lanklaas 'n probleemkind soos "Aley Alley" gehad het. As daar al ooit manne was wat die binnekant van die HK-kamer geken het, is dat die Noord-karakters — en dit is nie omdat hulle op die HK is nie (met die uitsondering van Bryer Meyer). Bogenoemde het egter bygedra tot die unieke saamstaankrag wat onder die manne heers — hiervan kan Noord 3 met respek en 'n tikkie vrees getuig.

Wat meer kan 'n man verwag van 'n gang met inwoenrs soos "Watkins the Horrible" en die "Piesang-model" — as snoekerballe predies was, het hulle al Meesters geswot.


Kyk 'n mens verder na die prestasies wat al hier gebore is, kan mens net tot een gevolgtrekking kom — Noord 1 is enig in sy soort.

Bykans die hele gang het al vir die "guadros" opgedraf. By die dartbord is ons ook goed verteenwoordig deur mannes soos "Jackpot Steyn" en "Gorilla du Toit" — om nie van "Volley-Ball Potgieter" en Farrah Fawcot Kleynhans te praat nie. As enige van die manne dan in die loop van bogenoemde sportbeoefening 'n besering sou opdoen is hier ook nie 'n tekort aan medici nie — dit is nou te sê as Lotjie hier is op een van sy sporadiese besoeke aan die gang. (Tertia hou hom vreeslik besig...)

Hoewel Noord 1 moontlik nooit 'n Staatspresident of Olimpiese Kampioen sal oplewer nie, streef ons kliphard (drift) daarna om gestalte te gaan aan ons naam Aley Alley.

Noord 1 bo!

G Paul



Noord 2 – "NAFI VALLEY"

Jy sien N2 of te wel "Nafi Valley" is 'n gang soos enige ander gang, met die verskil...die ouens hier praat nie groot nie, breek nie deure of ruite nie, tug nie eerstejaars, skel nie op mekaar, bring nooit 'n huishap by nie, gaan nooit op 'n naweek uit nie, noem dit en ons doen dit nooit nie.

In kort kom dit neer dat ons hier op "Nafi Valley" die Bybelbeginsel van "Jy moet nie jou naaste se tent-pale verruk nie" nastreef.

Gepraat van uiteenlopendheid op 'n klein oppervlakte. Neem nou maar "Jintel Jim" Japie en sy "roemie" Frans Dup wat tot vroegoggend balle rol oppie gronde; Ou Boele en Kalpie wat alleenreg tot die spens na 00h01 het; Jan Louis en Faan wat dalk nog familie gaan word? Hoop Brandfort het genoeg grond vir die nasgeslag...

Vangenoot (Tugmeester van Nafi Valley) en sy geagte ander deler van die kamer, (Die man wat die meeste goed op een vierkante meter by een vierkante meter kan stoor). Gerugte wil dit hê dat dié einste Tewie ons eersdaags gaan verlaat vir hoër diens aan oom P.W.; Scola het blykbaar besluit dat hy 'n beter kans staan om vroeër 'n meisie vir die huisfunksie te kry as SR-lid belas met Mans Interne Skakeling; Johan Nel die geraaskontroleur en Jan wat maar net nie 'n naweek van die berge af kan bly nie; nog twee nuwelinge Koos en Bliggies het besluit om liewers twee kamers te betrek aangesien 'n "No smoke" en "Rook gerus" teken nie voldoende was om die vrede te bewaar nie. O ja moenie vir "From the Man onder meisies" vergeet nie, hy moes immers al die leed en pyn van kamer 20 ook deurmaak, want sien uit vrees dat hy nie in die toekoms 'n regmatige deel van Nafi Valley sal uitmaak nie, het die geagte "gang prime" besluit (na werklike diep denke en oorweging) om kamer 26 te betrek.

Waar die naam van Nafi Valley vandaan kom is die Direkteur van Noord 2 se geheim.

Gang Prime 1980
Philip Coetzer

NOORD 3

Die ou "VROTKOL" was geskommel in die jaar 1980. Dit was digbesaai met Pouse, met ekonomie, 'n paar boere, 'n mediese aspirant en dan selfs ook 'n paar "clowns". Niteenstaande al hierdie skepsels wat saam in 'n "skool" geplaas is, het dit sekerlik die swaarste in die koshuis geweeg. Die bewys is te vinde in die volgende: 3 SR lede, 3 HK lede en 2 Prov. sportmanne – voorwaar 'n prestasie.

Ons het nou wel nie die "Meeste oonde" kompetisie gewen nie, maar ou Chaos het darem belowe om eendag op een van die afdakke by Lock Logen te klim. Ook huisves ons die gehardste lid van die HG-GOK, nl. ou Luke. Ook is die karakter met die naam T⁶ (Ou Tomson) hier te vinde. "Oom Okkie se Gees" loop draaie met opspraakwekkende en ver-reukende

gevolge. Van ons inwoners slaag ook daarin om die hoogste oonde van die jaar te kry, nl. ou Floppie en Padré.

Vanuit die 3 D's (Drie drawwende dominees) ontstaan daar 2 ouderlinge en een diaken – hulle sorg vir die gang se Geestes-sy. Met enkele uitsonderinge is die liefdeslewe op die gang in die "maer" jare, miskien a.g.v. die groot aantal Na-graadse studente van "Pous-Vallei"?

Die geagte gangprimarius
Jan du Toit

SUID 1

Furvlei was vanjaar 'n kookpot van vêr linkse en vêr regse standpunte wat o.a. gesorg het vir die herrysing van 'n ou sekte die Nazis, wat met die onbenydenswaardige taak opgeskep gesit het om eerste jarre in te burger. 'n Taak waarin ons met spyt moet herken dat ons gefaal het veral omdat hogêre gesagstrukture so onsimpatiek teenoor die belangrike opvoedingstaak gestaan het.

Verder had ons nie klagtes en sal ons volgende jaar weer hier wees om ons stryd teen die balhorige eerstejarre, korrupte burokrasieë, bronsige katte, vuil badkamers, stowwerige gange en 'n raserige vierkant voort te sit.

SUID 2 – 1980

Die gang beklee natuurlik soos altyd die belangrikste posisie in die suidblok, neem S2 weg en S1 is dakloos en S3 vloerloos! Ons het ook die gewone kwota kreature hier, van bebaardes, bejaardes tot ouens met "natural pose". Koos Hooterbek moes 'n week lank geskors word sodat Sam en Slang ongestoord kon slaap, geen ander gang het sulke rasers of slapers nie! Suid 2 se fietsry kompetisie in die gang is gestaak toe Little Electric Horseman, die kort arm van die gereg sy verskyning gemaak het. Slang beboet ons lokale geestelike 20c omdat dié kos gemaak het reg onder sy wasgoed, wat 'n drama! Fi ontdek op twee geleenthede bruin besoekers in sy kamer, eers in sy pet en toe in sy bed – wonder waar die twee vandaan kom. Gangpartytjies is met ongekende ywer gehou – Stan en Patrys moes 'n klomp "jare" bed toe neem. Die twee tydelike inwoners, Champ Piet Wessels en Oe! Staal! is gewoonlik in ongemaklike posisies indien hulle wel op die gang is. Ons het ook bygedra tot sport met onder andere omtrent 10 1ste span rugbyverteenwoordigers en ook sokker, hokkie en waterpolospelers.


Dankie aan die hele bende vir 'n goeie jaar.



Lord Stan

Gangprime en wenner van die wenner van die "Grootpens Kompetisie"

SUID 3 "TOP STORIES"

Sodra jy die drumpel van die paradys betree tref dit jou – Porta Leonard se vars chips reuk wat hang in die lug soos Jan Roodt se Haai Faai klanke in jou ore. Dis mos sonder Dexter Moore en Kiekie Smit se stille





gees wat op Durbs se strande lê en roes. O! Ja, moenie van Jeremias Labuschagne en Akademiese gebalanseerde Loubie vergeet nie, of is dit moer Loubie koffie?

Van Lappies gepraat wat is daar in die kookpot, 'n kys, verlwing, huwelik of...moet ons dit aan Malan the one and only toeken of afwesige Snyman en 'n goeie buiteperd is Stiffies du Toit alias Ds, of hoe Roosmaryn O! Roosmaryn?!

Ons ambassadeurs was goed verteenwoordig; of hoe sal Kaas, Jan Roodt, Chris en Eole sê: Maseru O! Maseru of Brandy O! Brandy. O! ja, onthou tog vir trapper trapkar Bester waar gaan jy so 'n "spanner handler" kry? Die twee stilte broeiers Hansen en van Zyl broei al heel jaar, wonder net wanneer broei hulle iets uit!?

Wat sal S3 nou sonder NUL wees, dis nou PvdS, mens wonder nou hoe werk sy gedagtes of is dit Wag 'n bietjie Johannesburg. Wat die argief aanbetref kan mens net meld dat Jan du Toit goeie vordering maak vir sewende laag vernis.

Ja, dis nou S3 en sy mense of hoe sê ons: hou die blink kant bo en polish die onderkant!

SPEURKOMITEE HUIS C R DE WET

Laat in die Middernag stap vier manne plus nog een, die geheime aanvulling...Gevare dreig...Uile huil...Lammers Lam...Kakkerlak Kxk.

Interkoshuis spioenasie...Geweld...Anaragie...Suspensie...Intrige...agterdog...beplanning...moord en...uitskeidings onder kussings.

Dit is die wêreld van die Speurkomitee – kil, doelgerig en vasberade. Die koshuis slaap rustig in hul hande, maar nie Faai nie!

Hulle is:
Roelof (Lodus) Voorsitter
Boep (Andre) O/Voorsitter



Pofadder (Derick) Ass. O/Voorsitter
Wiet Pessels (P.W.) Adjunk ass. O/Voorsitter
Vrek Neel (?... geheime lid)
Thank You/Dankie



OUJONGKERELS STIG H.G.G.O.K.



Die mens is nie gemaak om alleen te wees nie. Hierdie waarheid het die geharde oujongkêrels – dit is nou dié ongelukkige wesens wat Saterdaggaande die beeldradio dophou, en nie die vaagste benul het hoe 'n meisie se hand (?) nou eintlik voel nie – van Huis C R de Wet deeglik beseft. "Ons moet onself en mekaar help, maar hoe?"

Die oplossing vind die waardige here toe in die stigting van die "Herstigte Genootskap vir Geharde Oujongkêrels". Herstig, omdat die G.G.O.K. van ouds 'n organisasie vir vrouehaters was. En hierdie manne is dit nie, intendeel, hulle smag na 'n bietjie liefde, maar weet nie hoe om dit te vind nie. Laasgenoemde gaan dan juis die H.G.G.O.K. se taak wees.

Let Wel, dit is 'n prestige-genootskap. Lidmaatskapvereistes is uitsonderlik streng. Om hiervoor te kwalifiseer, moet 'n manspersoon vir ten minste een jaar lank nooit vas uitgegaan het nie, elke Saterdaggaand "Starsky en Hutch" (nog in die goeie ou dae) kyk, en 'n onberispelike rekord hê wat die skone (of adder?) geslag aanbetref. Om die jeug hul plesier nie te ontnem nie, word besluit dat slegs derdejaars en hoër met die nodige kwalifikasies mag aansluit.

Sommer gou was alles in rep en roer. Maar wat word van die here wat nou eindelijk hul lewensmaat ontmoet. Daarvoor word die Senaat in die lewe geroep. 'n H.G.G.O.K. lid wat begin vas sleep, word 'n Senator! Die eerste wat hierdie eer te beurt val, is dan toe ook sy edele Senator Danie Taffeltennis Tommie Thompson (B.Sc. Geologie). Dit besorg hom amper soveel mag en status as die President van die H.G.G.O.K. Die verwagting is egter dat die H.G.G.O.K. nog vele senatore gaan oplewer, omdat





Met De Wet se bydrae van R530,00 teenoor ander koshuisbydraes van R8 742,00 en R8 665,00 was die pad vir 1980 redelik donker. 'n Kerkboukomitee is in die lewe geroep en met "die Hulp van Bo" is 'n program geïmplementeer wat De Wet sy regmatige plek voor laat inneem het.

Die program het 6 Augustus in samewerking met Brandfort Landbougenootskap, met 'n interkoshuis trapkarbyeenkoms en trompoppievertoning deur UOVS dames begin. Met R300,00 op die spel was alle oë op ons eie trapspan...Dit is die daaropvolgende aand opgevolg met 'n byeenkoms waar Jan Wilkens die huidige Super Swaargewig van die wêreld en Hans Rooch, die Statebond kampioen deur die toue geklim het.

Die program bereik 'n hoogtepunt 14 Augustus in die Callie Human wanneer een van die grootste Internasionale Rofstoei toernooie, wat nog in die Vrystaat aangebied is, plaasgevind het. Die toernooi het bestaan uit drie voorgevegte waar bekende (berugte!) Vrystaat stoeiers teen Transvaal kragte gemeet het. Die hoofgeveg (wraakgeveg volgens kenners op die gebied) tussen genoemde Super Swaargewig kampioen van die wêreld en die Wes-Duitse Statebond kampioen het beslis sommige se siening rakend die "veelbesproke bloeddorstige" rofstoei toernooie radikaal gewysig.

Met hierdie poging waar elke De Wetter sy moue opgerol en gehelp het, is gepoog om ons bydrae van R530,00 te vertiendubbel. Met die grootste poging op die kampus vir 1980 staan Huis Christiaan se bydrae op R6 400,00.

Ek spreek graag die hoop uit dat nog sulke groot pogings ten bate van die Kerkboufonds deel van Huis Christiaan se tradisie en 'n jaarlikse instelling deur De Wetters sal word.

Met dank aan die Skepper vir die geleentheid, oom Sybrand, die Kerkboufondskomitee by name Alheit, Japie, Gunther en Henri en elke ander De Wetter wat meegehelp het sodat ons 'n deel tot die uitbouing van die Koninkryk van God kon bydra.

Philip Coetzer
Voorsitter Kerkboukomitee

DE WET-TRAPKAR

Langs hierdie weg my dank aan die volgende persone: Sors Bester, Philip Coetzer, Jan Roodt, Charl du Plessis, Johannes Potgieter, Riaan Stander, Gideon Volschenk, Chris Ahrens, Dawid Malan, Kaas Griesel, Jacobus Visser, Tewus Wessels en Giovanni Secchi. Ons trapkar het vanjaar in al die wedrenne die eerste plek verower. De Wet het dus die vinnigste kar op die kampus, dit by uitstek as gevolg van Sors se onbaatsugtige arbeid – dankie vir jou hulp, ons as De Wetters sien dit raak. Die kulimineering van 'n lank gekoesterde ideaal was die oorwinning in die Karee Pedel Prix; hierop is ons as 'n huis baie trots.

Aan u een en almal wat gehelp het, baie dankie, maar bowenal aan God die dank.

Adriaan J Snyman

'80

BYBELSTUDIE AKSIE


Sal ons ooit die kringleierskamp, te Glen aan die begin van die jaar kan vergeet – Waar Adriaan sy Groot liefde gevind het en Japie syne verloor het. Sors pas uit die weermag – wat met sy kort hare die haan onder die hennas was – die man wat die klokke laataande gelui het. Wie sal ooit Pots se motor vergeet wat tekens op die brug uitgesny het en 'n groot verkeersopeenhoping veroorsaak het.


As ons terugkyk na die aktiwiteite van die afgelope jaar kan ons net dankbaar wees vir die Here se Genade en Bystand. Vir 23 kringleiers wat getrou normaalklas bygewoon het en die kringe stiptelik gehou het. 'n Groot dankie aan oom Ockie en oom Sybrand vir die leiding wat hulle aan ons verleen het. 'n Terugblik van die jaar gee 'n mens moed vir die toekoms – om te weet dat daar manne is, wat bereid is om Vissers van Mense te wees.

Alheit du Toit

DE WET SE BYDRAE TOT DIE STUDENTE KERKBOU-FONDS 1980

Oom Christiaan het by geleentheid gesê dat waar dit lyk of die pad doodgeloop het, juis daar moet koers gehou word.





Met De Wet se bydrae van R530,00 teenoor ander koshuisbydraes van R8 742,00 en R8 665,00 was die pad vir 1980 redelik donker. 'n Kerkboukomitee is in die lewe geroep en met "die Hulp van Bo" is 'n program geïmplementeer wat De Wet sy regmatige plek voor laat inneem het.

Die program het 6 Augustus in samewerking met Brandfort Landbougenootskap, met 'n interkoshuis trapkarbyeenkoms en trompoppievertoning deur UOVS dames begin. Met R300,00 op die spel was alle oë op ons eie trapspan...Dit is die daaropvolgende aand opgevolg met 'n byeenkoms waar Jan Wilkens die huidige Super Swaargewig van die wêreld en Hans Rooch, die Statebond kampioen deur die toue geklim het.

Die program bereik 'n hoogtepunt 14 Augustus in die Callie Human wanneer een van die grootste Internasionale Rofstoei toernooie, wat nog in die Vrystaat aangebied is, plaasgevind het. Die toernooi het bestaan uit drie vorgevegte waar bekende (berugte!) Vrystaat stoeiers teen Transvaal kragte gemeet hjet. Die hoofgeveg (wraakgeveg volgens kenners op die gebied) tussen genoemde Super Swaargewig kampioen van die wêreld en die Wes-Duitse Statebond kampioen het beslis sommige se siening rakend die "veelbesproke bloeddorstige" rofstoei toernooi radikaal gewysig.

Met hierdie poging waar elke De Wetter sy moue opgerol en gehelp het, is gepoog om ons bydrae van R530,00 te vertiendubbel. Met die grootste poging op die kampus vir 1980 staan Huis Christiaan se bydrae op R6 400,00.

Ek spreek graag die hoop uit dat nog sulke groot pogings ten bate van die Kerkboufonds deel van Huis Christiaan se tradisie en 'n jaarlikse instelling deur De Wetters sal word.

Met dank aan die Skepper vir die geleentheid, oom Sybrand, die Kerkboufondskomitee by name Alheit, Japie, Gunther en Henri en elke ander De Wetter wat meegehelp het sodat ons 'n deel tot die uitbouing van die Koninkryk van God kon bydra.

Philip Coetzer
Voorsitter Kerkboukomitee


DE WET-TRAPKAR

Langs hierdie weg my dank aan die volgende persone: Sors Bester, Philip Coetzer, Jan Roodt, Charl du Plessis, Johannes Potgieter, Riaan Stander, Gideon Volschenk, Chris Ahrens, Dawid Malan, Kaas Griesel, Jacobus Visser, Tewus Wessels en Giovanni Secchi. Ons trapkar het vanjaar in al die wedrenne die eerste plek verower. De Wet het dus die vinnigste kar op die kampus, dit by uitstek as gevolg van Sors se onbaatsugtige arbeid — dankie vir jou hulp, ons as De Wetters sien dit raak. Die kulmineering van 'n lank gekoesterde ideaal was die oorwinning in die Karee Pedel Prix; hierop is ons as 'n huis baie trots.

Aan u een en almal wat gehelp het, baie dankie, maar bowenal aan God die dank.

Adriaan J Snyman





GENERAAL DE WET

*Stil, broers,
daar gaan 'n man verby,
hy groet,
en dis verlaas.
Daar's nog maar één soos hy;
bekyk hom goed.*

*Die oog,
nou dof en weggesink,
soos vuurvonk kon hy blink-
die arendsblik,
die kakie- en renegateskrik.
Die stap en kraggebaar
is nou bedaar.*

*Is dit jul leier nog, perruiterskaar?
Gewis!
en soos hy ons sin was
en is.
Al is die oog verswak,
hy kyk nog fier omhoog
IN JOU
SOOS IN SY God se oog.*

*Al stap hy kromgeknak
en afdraans af,
al klop die hart al flou
soos altyd is nog nou
elke stap en hartslag trou
tot in sy graf*

*En hierdie pure man
jou kind, Suid-Afrika!
Wat vrees ons dan?
Geseën sal wees
die grond, die bloed, die vlees
wat sulke vrugte dra.*

*In ons de Wet se gees
Voorwaarts,
Suid-Afrika!
Jan F.E. Celliers*

Studenteraad-verteenwoordigers



Op leiersgebied het De Wet groot potensiaal. Die voorraadlyse sien soos volg:
Diakens: Adriaan Snyman, Piet du Plessis en Alheit du Toit
Ouderlinge: Riaan Stander en Gideon Volschenk.

SKJA voorsitters: Riaan en Gideon.





Voorsitters in ASB projektekomitee: Piet, Gideon en N—C—L.

Die Frans Wessels Junior Rapportryerskoprs se voorsitter kom ook uit De Wet uit nl. Riaan Stander.

Voorts was Neil-C-L ook voorsitter in die kampus projektekomitee.

Verder was Huis Christiaan verteenwoordig op die Admissiebond, Irawa-redaksie, Aardrykskunde Vereniging, Sirkel '80, Radio, Kampus, UV Skaak-komitee, swem en gimnastiek.


Derick Maree was ook lid van die Joolkomitee en les bes die room van ons leiers ons vyf SR-lede nl. Riaan, Piet, Gideon, Daiwe en Neil.



'80

Anton Vorster
Voorsitter Rugbykomitee






MUURBAL

Die manne wat De Wet se naam hierdie jaar hoog gehou het in die koshuisliga is Henri Coetzer, Athur Ulyate, Fanie Schoeman, Henri Staal en Stephan Hansen.

Dit het hierdie jaar baie beter gegaan met De Wet in die koshuisliga, dit kan toegeskryf word aan die lojaliteit van die manne teenoor die koshuis en die opofferings wat hulle gemaak het.

Namens die koshuis wil ek hulle net gelukwens met hulle wenne en verlore op die baan en mag dit volgende jaar nog beter gaan. Dit was lekker om saam met julle te speel.

Henri



TENNIS

De Wet se tennisspan wat bestaan het uit S. Hansen, J. Griesel, H. Staal, J. Voster, N. Linden en F. Schoeman het tweede geëindig in hul afdeling van die tennisliga. Graag wil daar net genoem word dat hierdie baie aangename spelers was en dat mens byna enige tyd op hul nommer kon gedruk het, en hulle bereid was om hul kant te bring.

Afgesien van die feit dat 'n paar van ons teenstanders nooit opgedaag het nie, en die manne soms teleurgesteld terug huis toe moes gaan kon ons wel sien dat hulle graag Huis de Wet se naam hoog wou gehou het in die wedstryde wat hul wel gespeel het, deur hul beste te lewer.

Nogmaals dankie vir hierdie spelers en ons hoop hul eindig eerste in die volgende seisoen.



PLUIMBAL

De Wet se pluimbalspan het vanjaar baie goed gevaar in die liga. Ons bly tog nog maar een van die "top" spanne op die Bult. Soms moet ons maar raap en skraap om 'n span te kry, maar 'n span het ons elke keer gehad. Daar was altyd die gewilliges soos Koos Brand, Steven van Emmenis en Nico Linde. Dan het ons ook vanjaar die uitsondering gehad, soos "Boepies" wat altyd 'n skeed of twee gehad het en nooit wou speel nie.

Maar aan almal wat gespeel het, wil ek sê baie dankie vir hulle opoffering. Verder wil ek net volgende jaar se span alle sterkte en voorspoed toewens.

Die uwe
C.C. Strydom



WATERPOLO

Waterpolo in De Wet het vanjaar tot groot hoogtes gestyg, en die groen seemonstertjie, het deeglik van hom laat hoor. Die hoogtepunt sekerlik was 'n welverdiende oorwinning oor die mongrels op die kampus in die vorm van die Reitzhonde-hokke. Die heeslag onder bekwame aanvoering van admiraal Kommandoor Greyling en 'n blitsigte diep penetrerende, en klinies korrekte aanval van 'n heldhaftige voorlinie, sal steeds een van die groen seemonstertjie se oomblikke in die geskiedenis bly.

Verder verloor seemonster nie 'n wedstryd op die water of daaronder, en slaag daarin om 'n paar eerstejare in te lei in die geheimenisse van seeoorlogvoering. Vir volgende jaar is daar dus bekwame leiers in die korps, uitstekende steun en 'n paar opkomende sterre – voorwaar 'n teken van nog 'n hele paar warm, nat en roemryke seeslae.

Kees Heese





HOKKIE

Die hokkie het die seisoen baie goed gedoen in die liga en het slegs twee wedstryde verloor. Ons lê daarom plus minus 2de in die liga. Die ondersteuning was nie altyd daar nie, en ek hoop dat die koshuis ook volgende jaar dié sport waarin daar baie moontlikhede is sal uitdra. Vir die hokkiespelers se toegewydheid en volgehoue oefening kan ek net sê: "Dankie". Julle het die span gemaak! Ek hoop dat julle saam met die huis volgende jaar die sport sal uitbou, en dit steeds sal geniet soos wat ons dit vanjaar geniet het.

Voorsitter: Hokkie

'80



(Afwesig: Lukas Mienie)

LANDLOOP

Huis Christiaan de Wet se landloop het vanjaar groot hoogtes bereik deur derde in die landloopleftiga te eindig. Dit het partykeer knorrerig gegaan om 'n span te kry maar manne soos Loupie wat groot dele van die pad voort gestoei het, en Lukie wie se kort beentjies net moes vasbyt om by te bly, en Snakes wat darem vir jou kon hardloop, veral as hy 'n mooi meisie sien, en dan ook nog Sam wat die heel tyd aan sy groot musieke dink, en Piet wat pal die stof in die ouens agter hom se oë skop, ja dié hulle, wat altyd bereid was om uit te help. Die eerstejaars het hulle gewig ook goed ingegooi veral Piet en Gerhard. Aan al hierdie langasems wil Huis de Wet net sê baie dankie en bou voort daarop.

Die uwe
J. Zietsman

VOLLEYBALL

Dit blyk dat hierdie opvoedkundige, fisiologiese gesonde en oor die algemeen bak sport, se gewildheid afgeneem het, maar dit is maar soos die "cookie crumbles". Die indruk wat verkry word, na lang ondervinding, is dat hierdie sportsoort wel weer tot sy reg sal kom gedurende die eksamentyd. (Soos die trouens nog altyd gebeur het).

Die Komitee bestaan uit 'n voorsitter, Die Uwe (Skaam man), en 15 lede wie se name weens streng veiligheidsmaatreëls nie genoem mag word nie. Die huis het egter, wel my versekering dat dié lede tot hul uiterste poog om die vereistes deur my gestel, na te kom.

Almal wat wil, die bal is in die gesellie en die net is op. "So keep on volleyball-ing." En onthou daar is net een ball...Volleyball!!!!

Thank you/Danie
Lodus

VEERPYLTJIES

"De Wet sonder 'n veerpyltjebord, is soos 'n pyl sonder vere'".


Dit verklaar beslis die gewildheid van veerpyltjies in Huis Christiaan de Wet. So tussen die akademie deur bied 'n "shangei" of twee die nodige afleiding. Al is daar geen ander aktiviteite in die gesellie sal daar altyd iemand gou 'n paar pyle stoot. Veral as Stan en Jan vuurwarm pyle stoot kyk almal om die nodige "tips" te vang.

Van tyd tot tyd probeer "ongewenste elemente" hulself bewys maar as gevolg van 'n gebrek aan ondervinding delf hulle gereeld die onderspit. Daar is dit dan ook weer senioriteit wat die botoon voer.


Ongelukkig werk sommige mense so hard aan hul "dart predies" dat die ander predies gemis word.

Veerpyltjies kan beslis beskou word as een van die gewildste ontspanningsportsoorte in De Wet.


OVS – Verteenwoordigers



Jan du Toit
(Vrystaat Rugby)



Anton Vorster
(0/20 Rugby)



Piet Wessels
(0/20 Rugby)

Afwesig
Henri Coetzer
(Gimnastiek)



Pieter Blignault
(Landloop)

